

14 Oktober 2018

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Luister vir GOD se stem ...

'n Berader wat op 'n stadium 'n verslaafde was, skryf: 'Ek was onder behandeling vir chemiese afhanklikheid en het 'n werk nodig gehad. Ek het vir maande gesoek, maar niemand wou my in diens neem nie. Een dag terwyl ek vir die bus gewag het, het 'n klein stemmetjie vir my gesê: 'Kyk agter jou.' Ek het langs 'n prokureurskantoor gestaan. 'Gaan praat met die hoof van die firma en sê vir hom dat jy 'n werk nodig het,' was die woorde wat ek gehoor het. 'Dis mal,' het ek gedink, maar steeds het daardie stem my aangemoedig. Toe ek met die prokureur praat en hom vertel wat in my lewe aan die gang was, het hy dit verstaan omdat iemand in sy familie ook op die herstelpad van verslawing was. Toe het hy na my gekyk en gesê, 'Dis snaaks dat jy vandag ingekom het. Ek dink daaraan om 'n posisie vir 'n regssekretaresse te skep en het nog nie daarby uitgekom om die pos te adverteer nie.' Twee weke later het ek die werk gekry en dit was beter as enige ander posisie waarvoor ek aansoek gedoen het. Die salaris was meer en het die beste moontlike gebruik van my vaardighede gemaak.' Die probleem is nie dat God nie meer met ons praat nie, dis dat ons nie meer sy stem herken nie. Moenie so gou wees om die toevallige gedagtes te ignoreer nie. Oor die algemeen, sal God nie 'n weerligstraal uit die hemel stuur om jou aandag te kry nie. Hy praat meer dikwels met jou deur jou gedagtes, 'n familielid, 'n vriend, 'n verandering in jou omstandighede, of die stilte wanneer Hy jou hart met perfekte vrede vul. Luister dus vir God se stem.

Geskryf deur Bob & Debby Gass

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir die gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig vir haar
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressielyers
- Bid asb saam vir Eskom & sy werkers – hulle het elke gebed nodig
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & in ons land SA
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Beatri Wagner – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Alta Faurie vir volle genesing
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Suzette Fourie se dogter - haar dogter het kanker
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Judy Hein – sy het borskanker
- Bid asb vir Isak Mofokeng – hy is ernstig siek
- Bid asb vir Hennie van Aswegen - hy gaan vir 'n operasie
- Bid asb vir Desiré vd Walt - het rugoperasie gehad
- Bid asb vir Lettie Koekemoer - het rugoperasie gehad
- Bid asb vir Esmaralda Bekker – sy het Enkefalitis

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie my GOD dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade**...U is ons alles. 10 000 dankies aan U vanoggend!

As die jewe jou 'n
honderd redes gee
om te **HUIL**,
WY S die jewe
jy het 'n honderd en
een redes om te
GLIMLAG.



Moenie dat jou
verlede jou
toekoms steel nie.
Beweeg aan.

Gedagte vir die week

As jy op jou knieë bly
IS DIT ONMOONTLIK
VIR JOU VOETE OM TE GLY.



Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
26 Okt 2018	Onbeperk Konsert	Articon Skool
04 Nov 2018	Gemeentefeese; Nagmaal & John se afskeidsprek	
11 Nov 2018	Kerssangdiens @18:00	

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.